



DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 34e Uitgawe 28 Februarie 2014
saam met Koersvas 34

Groei

Met 'n eerste oogopslag lyk die groei van GHG fenominaal. Om meer as te verdubbel tussen einde September 2014 en Januarie 2014 (groei van 13 na 30 gemeentes) is 'n ongekende sprong. Die agtergrond maak die groei verstaanbaar.

Daar was baie gemeentes wat gewag het vir die besluite van die 70e AKV. Vele ampsdraers en lidmate het gevoel hulle moet die NHKA alle kanse gee om sake reg te stel.

Dit het nie gebeur nie. Die teendeel is waar, naamlik dat die 70e AKV eerder 'n onverdraagsame, aggressiewe houding jeens sH lidmate ingeneem het. Lidmate wat boonop die Staat van Belydenis geteken het, is letterlik uit die Algemene Kerkvergadering gejaag. Die strewe na "vreedsame diversiteit" het plek gemaak vir die tipiese houding van die liberalis in beheer naamlik; wees redelik, sien die saak soos ek dit sien. Waar die pleitdooi voorheen was dat daar ruimte vir almal moet wees, het daar skielik 'n aandrang gekom dat almal hulle moet berus by alle besluite geneem by 'n AKV.

Met alle mag is die leuen verkondig dat sH lidmate die NHKA tot ketter verklaar het. Die uiteinde was dat baie gemeentes na die 70e AKV besluit het dat hulle nie meer deel van die immorele situasie kan wees nie.

Sekere gemeentes wat onafhanklikheid verkies, het lank gelede reeds hulle voetwerk rondom eiendomme voltooi. Ander gemeentes **spartel nou om wat hul eie is te behou**. Sommige gemeentes het alles net so gelos en besluit om as selfstandige gemeentes te bestaan sonder iets, eerder as NHKA gemeentes met druk, venyn en heffingskuld op hulle skouers. Die uiteinde was dat nog 15 gemeentes hulself by die GHG geskaar het, terwyl die eerste twee huisgemeentes ook tot stand gekom het.

Teen hierdie agtergrond is die vraag na die moontlikheid van volgehoue groei. Daarmee saam moet die vraag na die belangrikheid van hierdie groei gestel word. Die GHG het nie net gegroei ten opsigte van gemeente getalle nie. Gemeentes het ook gegroei in lidmaatgetalle en groei steeds.

So byvoorbeeld het Meyerspark gemeente met meer as 25 besoekpunte gegroei, Bloemfontein het amper verdubbel en selfs Krugersdorp het gegroei. Ingeligde lidmate skuif en verkies om bietjie verder te ry, eerder as om in NHKA gemeentes te bly wat gedienstig gedweë berus by die nuwe teologie. Hierdie getalle groei is vir GHG en die gemeentes belangrik.



Die verwagting moet net nie wees dat dieselfde groei gehandhaaf gaan word nie. Daar is nog enkele gemeentes wat so onder die radar hulle opsies oorweeg. Die grootste groei gaan in die toekoms vanuit twee oorde kom naamlik; huisgemeentes en ander onafhanklike reformatoriiese gemeentes wat saam met die GHG hande wil vat.

Verskeie voelers is al uitgesteek en die moontlikhede lyk belowend. Die vinnige groei het reeds druk op die brose infrastruktuur van die GHG geplaas. Hierdie druk is positief aangepak en die meeste kinkels is al klaar uit die kabel verwijder. 'n Druppel se geduld is natuurlik nodig terwyl elkeen weer tot ruste kom in 'n nuwe, groter geestelike tuiste.

Groei in getalle is belangrik en moet nagestreef word. Dit moet gedoen word sonder dat die administrasie groei. Daar is 'n ander vorm van groei wat baie belangrik is en dit is geestelike groei. Ons kan aanvaar dat die meerderheid GHG lidmate ingeligde lidmate is en goeie keuses gemaak het. Dit beteken nie dat daar nie groei potensiaal is nie, intendeel dit bly noodsaaklik.

Paulus skryf in I Korintiërs 3:1&2 *Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêrelde mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie verteer nie.* Die opdrag om

geestelik volwasse te raak, is gerig tot elke gelowige. Elke gelowige moet groei na die punt waar vaste kos (diepgaande theologiese gesprekke en denke) verteerbaar is.

Hierdie geestelike volwassenheid moet nie verstaan word as gewaande heilige nie. Daar is nie groot en klein gelowiges nie, daar is nie mense wat meer heilig is as ander nie. **Almal het ewe veel genade nodig.** Sommige mense is net meer volwasse in hulle geloof. Hulle kan diep theologiese gesprekke voer en verstaan. Geestelike groei beteken om al minder hierdie wêreld gelyk te word, nie om gered te word nie, maar omdat ons gered is.

Hierdie geestelike groei is deel van die voorwaardes vir getallegroei. Indien die GHG net in getalle gaan groei, gaan die GHG gou ook in getalle begin krimp.

Lidmate wat nie aanbeweeg van melk in die geloof na vaste kos in die geloof nie, beweeg ook weer uit die kerk uit. Hulle is soos die saad wat op die klippe met bietjie grond gevallen het. Oppervlakkige geloofskennis is amper die waarborg dat mense gaan verdwyn.

Die begeleiding van lidmate tot geestelike volwassenheid is 'n belangrike voortdurende taak. Dit lei tot die vestiging van geestelik volwasse lidmate en dit maak die getalle groei volhoubaar.

Op watter groei is jou fokus GHG?